

## **Ons toekoms is gebou op ons ryk en uiteenlopende kulturele erfenis**

**Chris Jones\***

[Erfenisdag](#) word jaarliks op 24 September in Suid-Afrika gevier. Op hierdie dag erken en vier ons nie net die huidige kulturele rykdom van ons nasie nie, maar ons kyk ook terug na ons verlede waar hierdie tradisies ontstaan het.

Tog is daar diegene wat aanvoer dat daar 'n groeiende onverskilligheid of traak-my-nieagtigheid ten opsigte van die verlede is, 'n soort historiese vergeetagtigheid wat tradisie en/of erfenis nie ernstig opneem nie.

Ek onthou nog hoe 'n kollega van wyle prof. Jakes Gerwel sowat vyf jaar ná sy dood (in November 2012) 'n skool op 'n plattelandse dorp besoek het en die kinders in die saal gevra het wie Jakes Gerwel is. Net een meisie het haar hand opgesteek. Die kollega, wat so dikwels beïndruk was deur Gerwel se intellek, insig en bydraes, was verstom deur hierdie reaksie.

Sy vraag aan my was: Wat het geword van Jakes Gerwel se nalatenskap – en dit waarvoor hy gestaan het? Is daar nie meer 'n waardering vir tradisie onder ons jong mense nie? Of het die tyd aangebreek om tradisie te heroorweeg, te herevalueer en selfs te herverbeel?

Dit het my laat dink.

### **Tradisionalisme vs. tradisie**

Tradisie kan so maklik beteken dat ons eenvoudig dink en doen soos in die verlede gedink en gedoen is. Dit kan 'n herhaling en nabootsing van gister se antwoorde, gewoontes en praktyke word.

Die probleem met hierdie soort siening is dat daar [selde ruimte vir vernuwing en hervorming](#) is, meen my kollega Robert Vosloo. Dit kan maklik lei tot 'n benoude tradisionalisme waarvan die gevolg is dat ons nooit 'n nuwe, gesonde tradisie as ons tradisie omhels nie.

Die historikus en teoloog Jaroslav Pelikan skryf in sy boek [The Vindication of Tradition](#) “Tradisie is die lewende geloof van die dooies; tradisionalisme is die dooie geloof van die lewendes”.

Dit is slegs uit gesprekke tussen mense uit verskillende tradisies dat ons 'n kans staan om vars bewoording en nuwe perspektiewe te vind en kan wegstuur van verlamme tradisionalisme.

Sodoende word my erfenis 'n afspringplek vanwaar ek kan begin om – saam met my mede-Suid-Afrikaners – nuwe horisonne te ontdek van hoe om 'n nasie met 'n kollektiewe tradisie te word sonder om my eie te verloor.

Dit beteken dat eerlike selfondersoek, voortdurende gesprekke, en selfs konflik, oor wat die essensie van so 'n nuwe tradisie behoort te wees, die lewensbloed en hart van so 'n [tradisie](#) word.

Die Oxford-historikus Diarmaid MacCulloch skryf in sy boek [A History of Christianity: The First Three Thousand Years](#): “Sogenaamde ‘Tradisionaliste’ vergeet dikwels die aard van tradisie is nie dié van ’n mensgemaakte meganiese of argitektoniese struktuur met ’n vaste buitelyne en vorm nie, maar eerder dié van ’n plant, wat pols van die lewe en die heelyd van vorm verander, maar steeds sy fundamentele identiteit behou”.

### **Wie wil ons wees?**

In ’n [artikel](#) op Internasionale Nelson Mandeladag ’n paar jaar gelede het ek verwys na ’n opstel getiteld *The Nation* wat die Suid-Afrikaanse prokureur Ewan-Nize Gerber in 2015 geskryf het toe sy ’n graad 11-leerling was. Ter viering van vanjaar se Erfenisdag haal ek weer dele van die oorspronklike opstel aan omdat dit steeds so relevant en beskrywend is.

“Hoewel ek Afrikaans is, is ek nie net deel van die Boereoorloë en veldslae wat geveg en gewen is nie, maar ek is ook deel van die Khoisan-oorloë jare tevore. Ek is in die gees van Afrikane wat om ’n vuur gedans het om voor te berei vir ’n epiese veldslag oor hul grond. Ek is in die hitte van die vuurtjie wat in ’n plakkerskamp brand, en ’n Thuli, ’n Thabo en ’n Siseko warm hou.

Ek is die een wat in die Groot-Karoo die son op my rug voel brand – agterop ’n skaapboer se bakkie. Ja, ek is dit alles. Ek is trots Suid-Afrikaans.

Ek is in die kerrie van die Indiërs in KwaZulu-Natal. Ek is die bokkom wat aan ’n wasgoeddraad aan die Weskus droog; die jakkals wat ’n lam in die Tankwa-Karoo vang; die sneeu op die Drakensberg in die winter; die droogte in die Noord-Kaap net voor die reëns kom, en die maat van die tromme by ’n tradisionele dans.

Ek is ’n burger van die gees van hierdie land. Ek is die eenheid van hierdie nasie, en dit is mede-Suid-Afrikaners, met dieselfde gesindheid, wat die nasie sal verenig.

Ons as Suid-Afrikaners is die enigstes wat ons land se storie kan skryf. En aan almal anders: wees gewaarsku: Ons potensiaal en krag neem toe met elke brander wat breek aan hierdie wonderlike kus van Afrika. Ons wag geduldig. Stadig maar seker bou ons op ...”

Die fokus van hierdie merkwaardige opstel is nie net op die verlede nie, want wanneer ons net op die verlede gefikseer, is die versoeking groot om nie *uit* die verlede te leef nie, maar *in* die verlede. En so word ons beheptheid met die verlede maklik ’n verloëning van ons verantwoordelikheid teenoor die hede en die [toekoms](#).

### **Vertrou die toekoms**

In hierdie verband is die titel van die sosioloog Zygmunt Bauman se boek [Retrotopia](#) veelseggend. Bauman voer aan ons beeld van die toekoms het onteenseglik verander. Dis nie meer wat dit was nie. Hy verwys dan na Svetlana Boym se opmerking in haar boek [The Future of Nostalgia](#) dat die 20ste eeu met ’n visie van utopie begin het, maar met nostalgie geëindig het. Volgens Bauman leef ons in die era van nostalgie, ’n tydperk wat gekenmerk word deur ’n verlies aan vertroue in die toekoms en ’n hunkering na ’n geïdealiseerde verlede.

Die verlede word dan 'n veilige hawe teen die rowwe see van die hede en die onbekende van die toekoms. In hierdie hawe kan ek my eie storie met 'n selektiewe geheue skryf. 'n Hunkering na die verlede is bykans deel van ons DNS as mense. Daar is talle voorbeelde hiervan in die geskiedenis.

Maar die kontoere van die toekoms kan so lieflik wees. Om hulle te ontdek, sal ons ons vertrouwe moet plaas in die toekoms wat gebou is op die diepgaande krag van die ryk en uiteenlopende kulturele erfenis van ons land, soos oudpresident Nelson Mandela eenkeer [gesê het](#).

Op hierdie Erfenisdag is ons dankbaar vir en vier ons soveel mense, veral jong mense, wat enersyds nie hul verlede vergeet het nie, maar hulle andersyds ook nie laat ontmagtig deur ingeperk te word deur die verlede nie – maar wat ons kulturele rykdom benut om met verbeelding en hoop gefokus op die hede en toekoms te leef.

**\*Prof. Chris Jones is die hoof van die Eenheid vir Morele Leierskap aan die Universiteit Stellenbosch.**